Die Olielamp

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

REDAKSIONEEL

Liewe Lesers

Ons sou graag in die toekoms wou kyk om agter te kom hoe dinge volgende jaar, oor vyf jaar of tien jaar gaan lyk. Daar is geen antwoord moontlik vir vrae oor die toekoms nie. Meestal skyn daar net genoeg lig om die volgende stap te kan neem: vir die volgende uur en die volgende dag. Lewenskuns is om bly te wees met wat ons kan sien en nie te kla oor wat nog in die duister is nie. As ons die volgende stap in vertroue neem sodat daar genoeg lig sal wees vir die daaropvolgende stap, dan kan ons blymoedig deur die lewe gaan. – Henri Nouwen

Wat 'n wonderlike voorreg om in die jaar 2004 te mag lewe. Wat 'n voorreg om in Suid-Afrika te mag lewe! Ons besef nie altyd hoe bevoorreg ons is nie. Dit kon so anders gewees het. Desondanks die misdaadsyfer in Suid-Afrika het God Suid-Afrika die afgelope tien jaar bewaar. So moet ons vertrou dat Hy ons elke dag, elke stap ons só sal bewaar. Ons moet bly bid vir die regering en ons land. Hierdie maand het ons ook 'n artikel oor die tien jaar van demokrasie in ons land. Hoe sinies jy ookal oor die tien jaar lange demokrasie voel, God het sy Hand die afgelope tien jaar oor ons gehou.

Hierdie uitgawe is my laaste uitgawe as die Pretoria-redakteur van die Olielamp. Dit was 'n ongelooflike voorreg om vir twee jaar betrokke te kon wees by die Olielamp. Ek het elke oomblik ten volle geniet.

Baie dankie aan almal wat onbaatsugtig aan die Olielamp help werk. Dankie vir my redaksie – dit was heerlik om met julle te werk. Aan Sandra, die *spellchecker*, Arjan, die uitleg-outjie – dankie vir al julle harde werk. Ek kon die afgelope twee jaar beleef hoe kommunikasie en verhoudings tussen Pretoria en Kaapstad verbeter. Dankie daarvoor. Dankie ook aan al die oud-redaksielede se hulp en bystand oor die afgelope twee jaar.

My wens vir die Olielamp is dat alle jeug meer belangstelling sal toon. Moenie net kla oor die inhoud en samestelling nie. Doen iets. Skryf self 'n artikel in plaas daarvan om die skrywers te kritiseer. Mag God die Olielamp seën sodat dit as 'n groot steunpilaar vir ons jeug mag dien.

Totsiens
Tanya de Vente

Jaargang 8 nr 5, Julie 2004

INHOUD

Redaksioneel	1
Uit Die Woord	**2**
Tien jaar van Vryheid	2
Op Pad	**3**
Watter fakkel wil jy dra?	3
Aanslag van Armoede op Sendingwerk	4
The Plight	5
Christelike lewenstyl – Ontspanning	7
Voel Jy Ook So?	**8**
Die VOLK het gespreek	8
Blye woorde uit Wesbank	9
Dink weer 'n keer	10
TYD	10
Voetspore	**12**

Uit die Woord

Tien jaar van Vryheid

Roelanie de Geus

Tien jaar demokrasie! Tien jaar van vryheid! Vir een dag word die hele land op sy kop gedraai en kry almal 'n verskoning om mal te gaan.

Miljoene rande word bestee om aan mekaar en aan die res van die wêreld te wys hoe ver ons gekom het vanaf die apartheidsjare. Maar ná tien jaar – hoe ver het ons nou eintlik gevorder? Niemand kan stry dat daar nie dinge is wat gedurende die afgelope dekade verander of verbeter het nie.

Baie mense wat voorheen in haglike omstandighede geleef het, kan nou in eenvoudige baksteenhuise woon. Ook hulle wat nie elektrisiteit gehad het nie, kan nou 'n skakelaar druk om 'n lig aan te skakel. Mense wat eers kilometers ver moes loop vir water, kan nou net 'n kraan oopdraai en helder, skoon water loop uit. Natuurlik het hierdie projekte nog 'n lang pad om te loop voor voltooiing, maar Rome is nie in 'n dag gebou nie.

Al kom dit as 'n inisiatief van enkele boere, kan dit ook gesien word as vooruitgang. Veral op sitrus- en wynplase word werkers, wat voorheen nie 'n sê gehad het nie, opgelei om self ook te kan boer.

Daar is ook dinge wat nie verbeter of verander het nie. Rassisme sal ongelukkig waarskynlik altyd met ons wees. HIV/VIGS sal ook met ons bly as die regering nie sy standpunt verander nie.

Menslik gesproke het ons regering nie te sleg gevaar nie, maar 'n regering moet altyd vanuit 'n bybelse standpunt beoordeel word. 'n Regering is deur God ingestel om volgens sy voorgeskrewe wette 'n land te regeer. God self het die wette gegee waar volgens Hy wil hê 'n land regeer moet word – die tien gebooie en Levitikus. Alhoewel baie van die wette van Levitikus nie meer vir ons vandag van toepassing is nie (byvoorbeeld die seremoniële wette oor die tabernakel) bly God se grondwet, die tien gebooie, nog altyd staan.

God het die grondwet ook daargestel om wet en orde in 'n land te hou. Daarom is daar in Levitikus duidelik gesê wat die volk moet doen met die moordenaars, egbrekers en diewe. In Romeine 13:4 sê Paulus dat die owerheid die swaard dra om oortreders te straf: iets wat in ons land nie doetreffend geïmplementeer word nie. Misdadigers word nie 'n straf opgelê ooreenkomstig hulle misdade nie.

Alhoewel die regering nie altyd volgens

REDAKSIES:

Pretoria
Redaktrise: Petra Ros pros@mailbox.co.za
Lede: Arjan van Houwelingen, Marius Bijker
Illustrasies: Alex van Houwelingen

Maranata:
Redaktrise: Linda de Vente
Sekretaresse : Mirjam de Vries
Penningmeester : Erik Visser
Lede: Elizabeth Aartsma
Wilna Kerkhoff
Thys van de Hout

Kaapstad:
Redakteur: Sjirk Geerts
Artikelversorger: Anja Luijk
Teksversorging: Sandra Zielman
Sekretaresse: Lieneke Eefting
Finansies: Albert Drijfhout

Administrasie & uitleg
Administratief en Finansies: Hilda Middeljans
Uitleg: Arjan Bijker bijker@absamail.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee.
Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Christelike waardes regeer nie, mag ons nogsteeds nie met geweld teen hulle opstaan nie. Paulus, geïnspireer deur die Heilige Gees, sê in Romeine 13:1-7 dat ons aan die regering gehoorsaam moet wees omdat God hulle oor ons aangestel het. Die enigste rede wanneer jy die regering nie hoef te gehoorsaam nie, is as hulle 'n besluit neem teen dit wat God in sy Woord sê. Maar dan ook nie met geweld nie. In Deuteronomium 32:35 sê God self: "My kom die wraak toe en die vergelding." Paulus haal hierdie woorde ook aan in Romeine 12:19: "Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn, want daar is geskrywe: Aan my kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here."

Daarom is dit wat die Boeremag probeer doen het verkeerd. In die eerste plek het hulle dit net beplan om die regering omver te gooi omdat hulle nie in 'n swart regering glo nie. Hulle hou Siener van Rensburg se woorde voor as hulle rede, maar wat van die Bybel? Op die Fariseërs se vraag oor belasting antwoord Christus: "Betaal aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom." (Mark. 12:17)

Tien jaar van vryheid. Maar vryheid van wat? Die einde van apartheid en die begin van demokrasie is vir seker iets om oor te juig. Voor God is ons almal gelyk en geen nasie het die reg om 'n ander nasie te onderdruk nie. Maar wat van die verlossing van sondes? Christus het vir ons gesterf en die dood oorwin sodat ons net soos Josua wit klere kan ontvang en rein voor God mag staan (Sag. 3:4-5).

Ons moet die regering gehoorsaam wees – God het hulle oor ons aangestel, maar ons moet God meer gehoorsaam wees.

WATTER FAKKEL WIL JY DRA?

K. Begemann

Dis fakkeldratyd. Die wêreld staan op sy kop. Die Olimpiese vuur moet brand in Athene.
Daardie lig moet die sportbegeesterde wêreld verlig. Die sport en sy helde moet mos verlig word? Die stadion moet verlig word. 'Stadie' kom van die Griekse woord *stadion*. 'n Ou lengtemaat, 600 Griekse voet, ongeveer 200 tree en die lengte van die stadion (atletiekbaan) van Olimpia. Die Romeinse stadie was 683,5 tree.

In die statevertaling lees ons ook van "stadien" (Luk. 24:13 – "60 stadien van Jerusalem", 8 myl, asook Joh. 6:19 – "20 of 30 stadien", 3 of 4 myl). Betanië was omtrent 15 stadien (2 myl) van Jerusalem. Die afmetings van die nuwe Jerusalem is 12 000 stadien (1 500 myl). In 1 Korinthiërs 9:24 word die woord 'stadion' met 'baan' weergegee. NGB 'renbaan': "*Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop wel almal*

hardloop maar dat een die prys ontvang? Hardloop so dat julle dit sekerlik kan behaal."

Dit gaan natuurlik daarom om die Olimpiese medalje te wen. Vroeër was dit 'n krans (kroon). Daardie krone het hul varsheid lang behou; tog was hulle verwelklik en verderflik. Uiteindelik dus vergaande glorie!

In die Ou Testament lees ons ook oor fakkels. Soms word brandende fakkels na die vyand gegooi. Simson het fakkels aan die sterte van jakkalse gebind (Rig. 15:4,5). Daarnaas het fakkels as ligdraers gedien om lig te gee (Eseg. 1:13; Sag.12:6; Dan.10:6; Rig.7:16,20) en om in die nag lig te versprei (Joh.18:3). Fakkels is verder gebruik as vuurtekens om seine te gee.

Watter fakkel sal ons dra en verder dra? Die Olimpiese een, of die fakkel van die EVANGELIE (die LIG)? Tog seker die laaste? Die fakkel gee die ware Lig wat nooit gedoof kan word nie, omdat die Here sorg dat die verkondiging van die evangelie van die ware Lig sal aangaan tot die jongste dag. Daardie Lig is nie aangesteek in Athene nie, maar in Betlehem. Van daar af is die Lig deur baie fakkeldraers verder gedra oor die hele wêreld, tot aan die einde van die aarde.

Die eerste fakkeldraers was die apostels. Vandag is dit die gemeente van Jesus Christus self, dus ook ek en jy, en al die sendelinge wat die evangelie verkondig. Nee, dit kom nie op die televisienuus, soos Saterdag 12 Junie se fakkeldraers nie. Dit trek nie vol stadions en geniet ook geen aandag van die pers nie.

Maar … dit het die volle aandag van Jesus Christus! Hy self sorg dat elke atleet (kind) van Hom die einde sal bereik en die onverwelklike kroon sal verwerf. "Ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Jesus Christus" (Fil. 3:14).

Ja, so moet en mag ons fakkeldraers wees van daardie Lig. Moet dus nie na Athene hardloop om daar 'n medalje te verkry nie, dan is jou wedloop tevergeefs. Hardloop liewer op Sondae kerk toe, want dáár word die Evangelie van die Ware Lig verkondig. Onthou: Christus het 'n doringkroon gedra om vir ons die kroon van die lewe te kan gee.

"Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie!" - Openb.3:11

AANSLAG VAN ARMOEDE OP SENDINGWERK

Marthie Breytenbach

Al wat daar nog vir die dag oor is om te eet, is 'n bietjie uie wat gebraai sal word. Daar is niks meer geld nie. Die kinders is siek en daar is groot kommer oor hul hoes. Die eerste tekens van die gevreesde winter het kop uitgesteek: reën en koue. Die enigste beskerming: 'n hout huisie van 5 m x 3 m waardeur die wind huil. 'n Totale magteloosheid: armoede. 'n Gevolg van werkloosheid.

Die prentjie wat ek hier skets is nie so vergesog nie. Dit is vir duisende mense hul daaglikse lewe; die groot probleem waarmee hulle moet saamleef. Vir baie is die stryd om kos in die maag te kry en om te oorleef so groot dat daar baie min plek vir ander dinge in hul lewe is.

Dit is een van die grootste probleme wat op die sendingveld hier in Kaapstad voorkom. Baie mense is in hierdie situasie. Hulle het egter 'n anker in hul lewens: God. Hy sê aan die gemeente van Smirna in Openbaring 2:9 en 10: *Ek ken jou werke en jou verdrukking en armoede, maar jy is ryk ...* Hoekom sê Hy so? *Vrees vir niks wat jy sal ly nie ...* Hy sê aan hulle dat hulle beproef sal word, maar: *Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.* Hier is die antwoord. Die armes wat op God vertrou, mag ryk wees omdat hulle die ewige lewe sal beërwe.

Ons kan nou maklik sê: As almal net op God vertrou, is die saak mos reg. Dit is inderdaad so, maar as 'n gemeente van God verwag Hy van ons om mekaar by te staan in tye van nood. Ek dink nie dat ons werklik besef watter impak armoede op die daaglikse lewe van 'n gelowige het nie. Indien enige van julle al met 'n leë, honger gevoel op julle mae in die kerk gesit het, sal julle weet dat dit nogal 'n stryd kan

wees om te konsentreer op die preek. Om nie in jou gedagtes 'n draai te maak by die skaapboud-en-aartappels, of bobotie-met-geelrys wat in die lou-oond gereed staan om na kerk geëet te word nie. Selfs as dit te koud of te warm is in die kerk, sal dit baie inspanning verg om jou ten volle by die preek te bepaal.

As sulke geringe behoeftes van ons vlees ons so maklik kan laat fokus op alles behalwe die Woord van God, dink jouself in hoe dit moet wees as jy al vir 'n paar dae niks behoorliks gehad het om te eet nie, jou hele lyf yskoud is en jy ook nie warm klere en komberse het om jou warm te hou nie. Jy sit en probeer luister wat God vir jou op hierdie Sondagoggend wil sê, want jy weet dat jy aan Hom moet vashou as jy hulp nodig het. Daar is egter steeds die hongerpyne wat knaag, maar dis nie die ergste nie – waar gaan jy kos kry vir jou twee klein siek kindertjies?

Dawid sê in Psalm 91: *Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwees van die Almagtige. Ek sal tot die Here sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou. Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes ... Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie ...*

'n Gevolg van armoede is dat die kwessie van oorlewing so groot raak, dat dit vir die gelowiges wat daaronder ly, baie moeilik raak om altyd te fokus op Christus as hul Verlosser en om die Evangelie aan ander uit te dra. Armoede is dus een van die aanslagte van die duiwel op die gemeente van God, want so probeer hy ook om die sendingwerk te verhinder.

Ek het alreeds genoem dat ons 'n opdrag gekry het om ander te help in nood. Wat staan ons te doen teenoor ons arm broeders en susters? Is dit haalbaar om hulle daagliks van kos te voorsien? Moet 'n mens nie dalk sekere vaardighede vir hulle aanleer nie, byvoorbeeld om naaldwerk te doen of om tuin te maak? Dalk vir hulle werkgeleenthede aanbied? Moet ons jeug nie 'n bietjie meer betrokke raak en aksies loods om ons honger broers te help nie? Dit is natuurlik ook waar dat as jy persoonlik by die mense betrokke raak, sal jou hand wel iets vind om te doen. Dan sal jy makliker weet hoe en waarmee jy hulle moet help. Dit sal nie die oplossing bring teen armoede nie, maar ons kan daardeur ons opdrag wat God aan ons gegee het, uitvoer.

Bron: *Wie een oor heeft ... studies over brieven aan de zeven gemeenten* deur ds. T. Dekker

THE PLIGHT

Antoinette Raimond

"The great Western religious born of monotheism has been the major source of our moral attitudes. It is from them that we have developed the preoccupation with the uniqueness of man, with justice and compassion. On the subject of man/nature, however, the Biblical creation story of the first chapter of Genesis, the source of the most generally accepted description of man's role and powers, not only fails to correspond to reality as we observe it, but in its insistence upon dominion and subjugation of nature, encourages the most exploitative and destructive instincts in man rather than those that are deferential and creative. Indeed, if one seeks to license for those who would increase radioactivity, create canals and harbours with atomic bombs, employ poisons without constraint, or give consent to the bulldozer mentality, there could be no better injunction than this text. Here can be found

the sanction and injunction to conquer nature – the enemy, the threat to Jehovah."

[Mcharg, I. *Design with nature: The Plight*, p.26]

Quite an accusation directed at all Christians. A statement that offends, one that makes you sit straight up and defend yourself. How can someone so bluntly state that God created his own enemy, nature, when God specifically says in Genesis 1:31a "Then God saw everything that He had made and indeed it was very good."

Previous to this paragraph Mcharg states the following:

"How then did our plight become to be and what can be done about it? It is a long story which must be told briefly and, for that reason, it is necessary to use a broad brush an paint with coarse strokes. This method inevitably offends for it omits qualifying statements, employs broad generalities and often extrapolates from too slender evidence. Yet the basic question is so broad that one need not be concerned with niceties."

[Mcharg, I. *Design with nature: The Plight*, p.23-24]

Yes, it does offend! … extrapolate from slender evidence … definitely! How much more out of context can one read the Bible? Did he read it, for if he did, he surely did not understand a word he was reading.

God created the earth and everything in it without sin. There was peace and harmony between God, man and nature (specifically in that order). But then man sinned and the harmony was destroyed. And because man sinned (solely for that reason) the earth is in such a dilapidated state as it is today and not because, as Mcharg states "… in its insistence upon dominion and subjugation of nature…" (Also refer to Genesis 1:28).

But that's not all. Yes, we are sinful people and that's the ultimate reason for our destructive nature. But that's no excuse. God made us more valuable than nature, we are like the crown jewels of all jewelry. The word dominion does not mean to exploit nature for our own (usually economic) benefit. We cannot control nature (and that is not our purpose) but we can manage it as God intended it. He created nature for us to be fed by it, to be recreated and for us to realise his almighty power in it. God controls nature – everything is in his hands and we are his managers.

And although Mcharg's statement (can) offend us, it should also teach us and make us realise how important our managerial job is. Do we stand still and think about what direct and indirect effects we have on nature? Everyone of us has got the responsibility to include best practice into our everyday lives and in every discipline.

The "cultural mandate" of Genesis 1:28 divinely confers on humanity the authority and responsibility for governing earthly life. Let us not only be concerned about the state of the nations but also the state of the environment and our responsibility towards the environment and, ultimately, to God.

Something to ponder on:
"In the cultures of the West, man has enriched themselves at the expense of nature. In the cultures man has enriched nature at the expense of themselves."

Bibliography

- Mcharg, I. Design with nature: The Plight
- Sproul, R.C. (General Editor), The reformation study Bible, New King James version
- Report by Smith, J. Barch student at the University of Pretoria
- Visser, R. Die Here maak 'n begin: Verklaring van Genesis 1-25:8

CHRISTELIKE LEWENSTYL – ONTSPANNING

Jan Geerts

Doel van ontspanning
'n Mens het gereelde ontspanning nodig – niemand kan dag en nag werk nie. Ons wissel ons werk af deur ontspannnend besig te wees in ons vrye tyd of vakansie. As ons ontspan, raak ons van ons aggresssie ontslae. 'n Belangrike faktor is die genot: jy doen dit uit louter plesier, met geen ander doel as vermaak nie. Ontspanning is die besteding van ons vrye tyd wanneer ons ons normale werksaamhede staak. Hierdie ontspanning is gerig op die eer van God en die heil van ons naaste wat opgeneem is in die verlossing deur Christus. Hy, Christus, het die geniet van die lewe moontlik gemaak.

Daar kan **drie verskillende vorme van ontspanning** onderskei word:

- beweging, soos stap, swem, seil in georganiseerde verband al dan nie
- spel en sport, vanaf spelletjies by die huis tot georganiseerde sportwedstryde
- inligting en kultuur, soos lees, TV kyk, kuns en stokperdjies.

Van hierdie drie verskillende groepe ontspanning wil ek twee dinge uitlig en iets meer daaroor sê, naamlik TV-gebruik en drankgebruik.

TV as ontspanning
In die meeste gesinne gaan daar nie 'n dag verby dat daar nie TV gekyk word nie. As jy na die tydsbesteding van die verskillende vorme van ontspanning kyk, wen TV dit sonder twyfel. Nie alles wat op TV gewys word, kan onder die tema ontspanning val nie. Tog lê dit voor die hand dat TV met ontspan verbind word. Die meeste mense kyk na vermaaklikheidsprogramme vir ontspanning. Wie uit 'n Christelike oogpunt na die gehalte van die vermaaklikheidsprogramme kyk, moet meestal tot 'n negatiewe gevolgtrekking kom. As jy byvoorbeeld een aand sonder onderbreking sou TV kyk, sal jy tien teen een goed sien wat in stryd kom met die wet van God: gevloek, growwe geweld, leuens, owerspel en seksuele prikkeling.

Die TV kan goeie en slegte dinge wys. Die eienaar daarvan kan dit goed of verkeerd gebruik. Nie elke fliek is sleg nie. Alles wat nie-Christelik is, is nie noodwendig anti-Christelik of onsedelik nie. In jou lewe as Christen moet jy gedurig keuses maak, soos in die lees van boeke, koerante en tydskrifte en ook op die gebied van TV kyk vir ontspanning. As jy weet hoe om die afstandbeheerder reg te hanteer, doen jy soos Paulus ons in alle sake voorhou: onderskei waarop dit aankom.

Beheer oor TV is nie maklik nie en daar word foute gemaak. In baie gesinne het TV 'n slegte invloed. Wie die vloedgolf van verwêreldliking sien, moet ook die invloed van TV daarin sien. Die TV is die effektiefste mediavorm om Christene gesekulariseerde mense te maak.. As dit die enigste is wat jy van die TV kan sê, dan moet 'n Christen nie 'n TV besit nie. Maar soos ek al eerder geskryf het, as die regte keuses gemaak word, kan met 'n geruste gewete na die goeie wat die TV bied gekyk word.

Bly in beheer
TV is 'n boeiender, maar tegelykertyd ook gevaarliker mediavorm as radio of koerant. Dit blyk uit die verslawende effek wat TV op mense het. As jy die aand na werk by die huis lekker gemaklik en ontspanne TV kyk, sal jy moeilik uit jou stoel of bed kom om noodsaaklike en/of nuttige werk vir die gemeente van Christus of vir iets anders te doen, met die gevaar dat jy nie meer warm vir God en sy diens is of word nie. Die oefening in die godsvrug neem af. Jy word lou soos die

gemeente in Laodicea, soos dit in Openbaring 3:14-22 beskryf word.

Wat kan daarteen gedoen word? Soos Christus ons voorhou: bekeer jou, met ander woorde, raak ontslae van jou TV of gebruik die TV op 'n ander manier. Maak keuses en bly daarby. Die tyd om op te hou kyk waarna jy kyk is die oomblik wanneer die goddelose en onreine jou begin boei. Jy wil die fliek bly kyk, maar met 'n slegte gewete. Jy weet dat Christus wil hê dat jy nie verder kyk nie.

Dit is nie reg om net sleg van TV te praat nie, maar jy is net so verkeerd as jy maak asof TV nie verkeerde en slegte dinge wys nie. Met die mooi medium soos TV kom daar tegelykertyd ook 'n groot verantwoordelikheid. Daar is nie 'n gebruikskode wat vir alle Christene die presiese gebruik daarvan voorskryf nie. Elkeen moet vir hom-/haarself of saam besluite en keuses maak. So is daar geen wet dat daar nie op Sondag TV gekyk mag word nie, al is dit wel 'n mooi reël as jy dit nie doen nie. Dieselfde geld vir radio, daar is mense wat nie 'n oomblik sonder 'n radio kan klaarkom nie. Juis Sondag is dit goed en mooi om sonder TV of radio klaar te kom en stil voor jou Heer en Heiland te kom.

Drank by ontspanningsgeleenthede

Die geselligheid word deur 'n alkoholise drankie verhoog, want jy ontspan "en dat wyn die mens se hart kan bly maak" (Ps. 104:15). Christus word self die ware wingerdstok genoem (Joh. 15:1). Tegelyk waarsku die Skrif teen die oormatige gebruik van drank. Spreuke 23:31,32: "Kyk nie na die wyn as dit rooiagtig lyk, as dit sy glans gee in die beker, glad na binne gly nie: op die end byt dit soos 'n slang en spuug gif uit soos 'n basilisk." Vir Daniël en sy vriende en Nasireërs was dit egter goed dat hulle nie sterk drank gedrink het nie (Dan. 1, Num. 6:1). Is dit dan nie miskien beter om jou heeltemal van alkoholiese drank te onthou en daarsonder te ontspan om jouself te beskerm nie? Daarop kan nie eenvoudig met 'n ja of nee geantwoord word nie.

Dink maar aan TV. Dis nie maklik om nie TV te hê nie, maar dit kan ook goed wees om TV te hê, solank as wat daar op 'n verantwoordelike manier gebruik van gemaak word. Dieselfde kan jy van alkoholiese drankies sê. Die Bybel verbied nie die gebruik van alkoholiese drank nie. Dit kan egter soms wel noodsaaklik wees om geen alkoholiese drank te drink nie, byvoorbeeld in die teenwoordigheid van vroeëre drankverslaafdes, of as ander deur jou drankgebruik te veel begin drink, want hulle het miskien nie dieselfde selfbeheersing as jy nie.

Om te sê dat 'n Christen geen alkoholiese drank mag drink nie, is nie reg nie. Matige gebruik kan goed wees. Maar wie nie 'n dag sonder alkoholiese drank kan klaarkom nie, moet homself afvra of hy nie 'n slaaf is van 'n slegte en duur gewoonte om te ontspan nie. 'n Goeie gewoonte is om alkoholiese drank te beperk tot spesiale geleenthede. Dan vrolik dit die lewe op en breek dit nie af nie. Wanneer op 'n partytjie drank onbeperk gebruik word, word die stemming wel vroliker, maar die partytjie nie Christeliker nie. Om 'n Christelike partytjie te hou, vra voorbereiding en jy hoef jou nie te skaam om, as dit nodig is, die drankgebruik te matig of te staak nie.

Soos in baie ander aspekte van jou lewe, behoort jy ook in jou ontspanning 'n Christelike lewenstyl te hê. God soek jou hele lewe, nie net gedeeltes nie.

DIE VOLK HET GESPREEK

Soos u kan sien, is daar nie hierdie maand 'n artikel oor kuns en geloof nie. En ook nie volgende maand en die maand daarna nie. Die volk het naamlik gespreek en dit te lig bevind, dus is die reeks kortgeknip. Aangesien ek vir die enkeling wat wél belang gestel het wil laat weet dat ek nie onder die indruk is dat kuns en geskiedenis – en veral nie geloof – gestop het na 1900 nie, is hierdie kennisgewing in die Olielamp - Alex van Houwelingen

BLYE WOORDE UIT WESBANK

Susan Manas

Ons het die volgende bydrae ontvang van 'n suster uit die sendinggemeente in Wesbank:

In 1999 het ek begin om baie met die Here te praat, want ek was in 'n baie benoude saak. Maar ek het besef hoe almagtig die Here is, want by die mens is alles onmoontlik, maar by die Here nie. Ek en my gesin het in 'n huurhuis gebly. Op daardie oomblik het die persoon by wie ons gehuur het, die huis aan iemand anders verkoop en nooit aan die ander persoon gesê dat ons nog 'n kontrak met hom het nie. Toe wil die mense met geweld by ons intrek. Op daardie oomblik het ek net een uitweg gehad. Ek het besef: die Here wat ons aanbid, Hy is 'n lewende God – 'n God van liefde en trou, en Hy is regverdig. Ek kon sien hoe die Here werk.

Ons het toe 'n datum gekry wanneer ons die huis moes verlaat. Die tyd tussenin het die Here vir ons voorsien. Ons Hemelse Vader het vir ons 'n huis voorsien: in Wesbank. Ek is die Here baie dankbaar vir die huis. Dit is wel baie klein, maar ek waardeer dit baie, want ek kon nooit 'n huis van my eie bekostig het nie. Die skool vir die kinders was naby. Daarvoor sê ons ook baie dankie vir die Here. Werk is baie skaars, maar ons is nogtans dankbaar, want die Here voorsien in ons behoeftes.

Toe ons in die huis ingetrek het, het daar twee broers vir ons kom besoek. Hulle het hulle voorgestel en vertel aan watter gemeente hulle behoort. Ek het in daardie oomblik besef dat die Here voorsien in alles. Eers die huis, toe die skool en nou die kerk. Nie lank daarna nie, ontmoet ons vir ds. Charles Nicholson. Ons het toe by ons huis bymekaargekom om godsdiens te hou. Toe het ons weer by 'n ander suster en broer se huis bymekaargekom om godsdiens te hou. Daarna het die Here vir ons 'n houthuis voorsien om godsdiens in te hou.

Ek het nog nooit verstaan waaroor die preek altyd gegaan het nie. Maar vandat ek in die gemeente is, verstaan ek die preek, want ds. spreek baie duidelik. Hy maak die preek baie oop, sodat ons kan verstaan waaroor die preek gaan. Ek het die Here regtig ontmoet in die gemeente. Ek voel vry. Ek verstaan die Woord ook nou beter. Ek wil geen byeenkoms mis nie. Ek is die Here dankbaar daarvoor, want die Here plaas daardie gewilligheid in my, die waardering in my hart. Ek is 'n baie oop persoon. As ek iets nie verstaan nie, sal ek vra totdat ek dit verstaan.

As ek uit die kerk kom dan voel ek tevrede, want ek is gevul met die Woord. Ek het dit eers ontdek toe ek in die gemeente is. Die Moedersbond waardeer ek net so baie, want ons as moeders het dit baie nodig en deur die lering daarvan word ons net so vervul met die Woord. En die Bybelstudie ook. Ons sê baie dankie vir die Hemelse Vader dat Hy vir dominee en sy vrou hierheen gestuur het. Dit is net 'n plesier om vir hulle hier te mag hê as leiers van die nuwe kerk wat ons ontvang het uit die Hand van die Here. Ons waardeer die kerk baie. Ons as gemeente van Wesbank studeer tans Geloofsekerheid, sodat ons kan verstaan wat beteken dit vir ons as lidmate van die kerk. Vir my, as kind van die Here, is dit 'n voorreg om 'n kind van Hom te mag wees, want Hy gee die sekerheid vir my, sonder om te twyfel.

Die pad vorentoe saam met ons gemeente sien ek met beterskap vir ons. Dat ons nie net in getalle sal groei nie, maar wel ook in ons geestelike groei. Wat ek graag wil sien gebeur in die gemeente, sowel as in die kerk, is om meer van God se Woord te mag leer, sodat ons meer vir Hom kan werk. En om te strewe na volharding in geloof, dat ons kan vashou aan sy troue liefde, sodat ons kan skyn vir Jesus. Laat ons die lig kan wees in die duisternis, sodat ons die sout van die wêreld kan wees. Dat ons altyd 'n kind sal bly in die aangesig van Jesus, want ons moet 'n kind wees om die Koninkryk van God binne te mag kom. Laat ons alleen een van daardie kindertjies mag wees.

Ek het my en my vier kinders in die gemeente laat doop. Ek en my man is lidmate van die gemeente. Vir die toekoms vertrou ons op die Here dat die gemeente kan groei tot 'n groot gemeente van die ware leer van Christus.

DINK WEER 'N KEER

Hester van der Meulen

Kyk 'n slag om jou rond.

Die laaste klas van die dag is uiteindelik verby en jy maak jou boeke gou bymekaar om by die bus uit te kom. Dis 'n warm somersdag, net so na twee-uur. Die son skyn sy warmste strale en die sweet drup van jou gesig af. Jy is moeg en uitgeput van die lang dag. Op pad bus toe sien jy niemand raak nie, stamp verby een persoon en 'n ander, solank jy net nie die bus mis nie. Almal bondel saam by die bus se deur. Jy klim die eerste trappie en skielik druk 'n groot man voor jou in sodat hy eerste kan inklim. Jy gee hom 'n vuil kyk. Gelukkig is daar nog vir jou 'n plekkie om te gaan sit. 'n Warboel stemme maal deur jou kop en jy dink weer 'n oomblik aan die ongeskikte man. Skielik tref dit jou: "hoeveel keer het ek dit nie al aan ander gedoen nie?"

Ons leef in 'n baie haastige wêreld. Almal skarrel rond om hul eie ding gedoen te kry. Dit is so maklik om op iemand anders te trap en dan is daar nog so baie maniere om dit te doen. Soms kom mens dit nie eens meer agter nie.

Ons almal is lede van Christus se liggaam (1 Kor. 6:12-20), ook die vreemde Christene om jou. Is jy gewillig om vir ander mense ook plek te maak, al weet jy dat jy die sekere mense nie weer sal sien nie? Reik jy uit na iemand wat alleen en eensaam is? Hoe hanteer jy nie-Christene? Is jy gewillig om jou Christenskap op 'n vriendelike en vreugdevolle manier uit te straal?

Alle Christene moet ambassadeurs wees van God se Koninkryk. Dit wil sê jy moet 'n goeie indruk skep teenoor ander mense, hulle moet Christus in jou lewe kan sien. Ons moet nie net hoorders van die Woord wees nie, maar ook daders (Jak. 1:19). Het jy al mooi nagedink oor jou taalgebruik? Diegene wat so glad is met die tong en maklik skelwoorde kwytraak, is ook minder daartoe in staat om die liggaam in toom te hou (Jak. 3:2).

Laat toe dat die Heilige Gees jou lewe vul, dan sal jy ook die vrugte van die Gees dra. Dit is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing (Gal. 5:22).

Onthou volgende keer as jy tussen 'n klomp mense is; glimlag vir die wat ongelukkig lyk en laat iemand anders voor jou in die bus klim.

TYD

Marius Bijker

A professor stood before his philosophy class and had some items in front of him. When the class began, wordlessly, he picked up a very large, empty mayonnaise jar and proceeded to fill it with golf balls. He then asked the students if the jar was full. They agreed that it was. So the professor then picked up a box of sand and poured it into the jar. Of course, the sand filled up everything else. He asked once more if the jar was full. The students responded with a unanimous "yes". The professor then produced two cups of coffee from under the table and poured the entire contents into the jar, effectively filling the empty space between the sand. The students laughed. "Now," said the professor, as the laughter subsided, "I want you to recognize that this jar represents your life…

Verskeie van hierdie tipe boodskappe het die afgelope paar maande in my "inbox" beland. Die een met 'n meer ernstiger boodskap as die ander, maar dit het my tog bietjie laat

nadink. Die storie soos bo aangehaal, gaan verder. Dit kom daarop neer dat mens eers die groot (belangrike) dinge in jou lewe moet plaas voordat al die kleiner klippes, sand, koffie of bier 'n plekkie kry.

Wat is die groter dinge (golf balle) in ons lewe? Dit is die dinge waaraan mens kan vashou deur jou hele lewe. Tyd vir ons Here asook die mense naby ons (familie en vriende) is verseker die sterkste fondament waarop ons kan staan. Hoekom sukkel ons altyd so om tyd te maak vir hierdie dinge in die lewe?

Meeste van ons kan getuig hoe maklik dit is om tyd om te kry – lekker uitslaap, televisie kyk om sommer net heeldag lui-lekker niksdoen. En dit is seker die lekkerste van jonkwees – geen regte verantwoordelikhede, afsprake of ander belangrike dinge wat ons moet doen nie. Is die definisie verantwoordelike tydsbesteding van toepassing op ons?

Almal van ons het 24 uur per dag, maar dit beteken nie dat ons al 24 uur aktief hoef te wees nie. Ook beteken dit nie dat ons heeldag moet Bybel lees of psalms sing nie. Alhoewel Christene se lewenstyl definitief gekenmerk kan word deur die manier hoe ons optree, beteken dit nie dat ons elke minuut van die dag ernstige gesprekke of diep teologiese besprekings hoef aan te voer nie. Elke ding het sy tyd (Prediker 3).

God vra egter van ons om tyd met Hom te spandeer, maak nie saak hoe besig ons is nie. As ons eers tyd maak vir kleiner klippes en sand in ons lewe, sal daar nooit genoeg plek vir Jesus Christus in ons lewens kan wees nie. Ons moet seker maak dat ons Christus eerste in ons lewens plaas voordat ons ander dinge in ons lewe indruk. Sonder Christus in die middelpunt van ons lewe, sal ons lewe rigtingloos en deurmekaar weees.

Miskien is dit tyd om bietjie prakties daaroor na te dink. Hoe maak mens tyd vir Christus? Die eerste is dat ons tyd WIL maak vir Hom. Christus is nie net nog maar 'n afspraak deur die dag wat ons moet nakom nie. Ons moet naby hom wil leef om so ook al hoe nader aan Hom te kan leef.

As jy 'n vroegoggend mens is, kan dit werk om elke dag 30 minute vroeër op te staan en 'n gedeelte uit die Bybel en verklaring daarby te lees. Anders kan 'n aand-sessie dalk die oplossing vir jou wees. Kry of leen 'n goeie Christelike boek by bekendes en maak seker dat jy elke dag tyd maak om daardeur te lees. Onthou dat satan altyd probeer om dit van ons weg te hou – verskonings soos dat ons nou regtig moeg is, regtig 'n harde dag gehad het, of dat ons more sal begin het definitief al baie goeie voornemens in die wiele gery.

Dit is nie altyd ewe maklik om tyd te maak vir Bybelstudie nie. Daarom is dit ook goed om te weet dat ons nie op ons eie staan nie – anders sou alles van die begin af reeds 'n groot mislukking gewees het. Die Heilige Gees staan ons by en leer ons hoe om ons tyd reg te spandeer. Hoe meer ons Hom wil leer ken, hoe meer sal Hy Homself aan ons openbaar.

Kerk toe gaan, katkisasie en vereeniging vorm alles deel van ons geloofslewe, maar persoonlike stiltetyd en bybelstudie is seker die mees intiemste tye wat ons met ons Vader kan deurbring. 'n Lewendige verhouding met ons hemelse Vader is die fondament van ons geloof. Om Hom beter te leer ken en tyd saam met Hom te spandeer is die enigste manier om nader aan Hom te kom. Onthou, Hy is ons Vader en wil regtig weet hoe ons, as Sy kinders, ons lewe inkleur. Daarom is dit 'n voorreg om Hom beter te leer ken, of 'n vaste daaglikse afspraak het Hom te mag hê.

Hy het die wêreld se tyd vir ons, wat kan ons dan stop om Hom eerste in ons lewe te plaas?

Voetspore

Hallo jongelinge

In die 19de eeu het talle Afrikaanse boere – na jare lange onderdrukking en diskriminasie vanaf die Engelse regering – die stelling gemaak: "Genoeg is genoeg", en daad by die woord gesit. Hulle het al hul goed gevat, uit die Kaap weggetrek, en groener weivelde gesoek – en gevind. Veral Pretoria was 'n populêre uithangplek. Die erfenis daarvan is nog te sien in die talle Afrikaanssprekende mense hier, die Blou Bul-ondersteuners se politieke oriëntering en die sterk ekonomiese basis in die hoofstad.

U wonder seker nou hoekom dit genoem word? Laat ek u vertel, liewe lesers: 'n Klein Trek het plaasgevind, klein in getal, maar in impak ongelooflik groot. Want <een minuut stilte, asseblief> broeder Alfred Haak het hom tydelik kom vestig in die groen weiveld van Pretoria. U moet natuurlik onthou: ondanks jare lange transformasie en 'n dreigende naamverandering, is Pretoria nogsteeds gewild. Een van die redes, so meen kenners, is die groot getal jeug van die VGK. Alfred het sy geleenthede raakgesien, en binne 'n tyd van drie dae na die sien van dié *gap*, was hy al in ons stad. Die geskiedenis herhaal homself. *Insiders* beweer egter dat die eintlike rede vir sy Klein Trek nie Engelse onderdrukking is nie, maar Akademiese onderdrukking. Vra maar self vir Alfred.

So oor klein trekke gepraat. Cornelis kom blykbaar ook. Nee, nee, nee, hy gaan nie hier bly nie, want ons praat mos nou nie van 'n Kleyn Trek nie, maar hy kom kuier. *That's like in whoaaaa dude, cool!* Wie weet, miskien het hy verander in 'n *surfer dude*? Die massa wag in spanning.

Nog iets in die *pipeline*: Johan de Vente reël 'n vakansie na St. Lucia. Hierdie inisiatief is al op sigself iets om oor opgewonde te raak en jou slaapsak en kussing gereed te kry, maar die uwe verdink Johan egter wel van sluwe planne. Kyk, dit is al eerder gesê en hoekom sal ons dit weer herhaal, maar Johan, mag ons een ding vra: is dit nie verdag dat daar op die *poster* 'n slapende persoon is nie? Dus mense, wees gereed, as Johan nooit uit sy tent gaan kom nie by St. Lucia: niks is fout nie, hy doen wat hy die beste kan doen: slaap.

Ek hoor daar is 'n *party brewing* by Marius, dis nou die ou met die mooi, nee, BAIE mooi *natural* hare. Ja, eens op 'n dag was dit geel, dit was ook baie mooi, maar nou is dit *natural* en dis NOG mooier. Destyds was hy 'n Geelhoofdige Goedhartige Gawe Ou, nou is hy die Natural Nommer Een. En hy het verjaar, so hy bring indirek letters op hierdie bladsy in jou naaste Olielamp.

Maar moet wag tot volgende keer.

Voetspoor

VERJAARSDAE

Bethal	
Carma Coetzee	16-Jul
Jeanné Botha	18-Aug
Elize Botha	25-Aug
Johannesburg	
Idalet de Haan	21-Jul
Maryna Bijker	22-Jul
Marco Hamming	12-Aug
Jaco Bijker	31-Aug
Kaapstad	
Antoinette Raimond	1-Jul
Ewart Antonides	10-Aug
Maranata	
Bea Bruintjes	4-Jul
Corneel Hagg	9-Jul
Elisabeth Aartsma	20-Jul
Janneke de Jager	22-Jul
Johan de Vries	23-Jul
Linda de Vente	25-Jul
Ria de Vries	2-Aug
Pretoria	
Martyn Ros	1-Jul
Ruard Stolper	2-Jul
Marlies Kleyn	17-Jul
Risella Miske	20-Jul
Christiaan Zielman	1-Aug
Wilma Lubbinge	3-Aug
Hilde Ros	5-Aug
Laurike Bosker	21-Aug